# NUUSGENOOT

Moenie wonder nie, weet!

Nuusbrief van die ATKV | Augustus 2022


# 92 KERSIES OP DIE KOEK!



Augustus is 'n spesiale maand op die kalender vir die ATKV.

Op 19 Augustus blaas die ATKV 92 kersies dood.

Saam met die verjaardagfeesviering kom soveel oomblikke van dankbaarheid, van onthou, van terugkyk en van vorentoe kyk.

Oor die afgelope 92 jaar het die ATKV daarin geslaag om kernwaardes van die ATKV steeds met onverdunde ywer aktief en doelgerig te handhaaf en tot uitvoer gebring in belang van sy lede en die breër gemeenskap.

Die ATKV het daarin geslaag om 'n brugbouer te word tussen die verskeidenheid van Afrikaanses wat lede van die organisasie word of aan die taal- en kultuuraktiwiteite deelneem, sowel as tussen sprekers van ander tale en kultuurgroepe in Suid-Afrika.

Vir amper 'n eeu doen die ATKV se mense – hetsy op nasionale of takvlak – juis dit. Ons raak betrokke by ander se vreugde en pyn.

Of dit is om saam met uitskieters fees te vier oor hul prestasies of om 'n helpende hand uit te reik – ons is dáár. Blaai ons deur die foto's van die laaste nege dekades, is dit moeilik om nie bewoë te raak nie oor dit wat ons bereik het.

Daarom sien ons reikhalsend uit na die volgende 92 jaar. Om nog foto's bymekaar te maak wat 'n storie vertel oor ons impak en die verskil wat ons maak.

Dankie vir jou bydrae en dat jy jou weg oopsien om deel van dié storie te wees. Dankie dat jy 'n instrument van hoop is.

Saam met die ATKV se 92ste verjaardagviering, vier ons ook jou.

Dankie dat jy dáár is.

*Geniet die nuutste uitgawe!*

Onthou om ook 'n draai te gaan maak op die ATKV se webwerf en ons sosialemediaplatforms.



## HOE PROE JOU TAAL?

ATKV

# Nog ATKV-Tienertoneel wenners!

Die 58ste ATKV-Tienertoneel het vandeesweek in Gauteng afgeskop toe 258 dapper tieners hul stories op die UNISA Little Theatre verhoog in Pretoria kom vertel het.

Met ATKV-Tienertoneel word leerders soveel geleenthede moontlik gegee om by al die aspekte van die toneelstuk betrokke te raak, met ander woorde, by die spel, regie, skryf van tekste, kostuums, dekor, grimering, klank, beligting, verhoogbestuur, choreografie en selfs bemarking!

ATKV-Tienertoneel se unieke aanbiedingsformaat ontwikkel die jeug se liefde vir toneelspel deurdat elke produksie deur mentorbeoordelaars, wat sterk is in die vermaaklikheids- en tersiêre-onderrigbedryf, na afloop van elke optrede saam met die tieners koppe krap oor hul werk tydens opwindende mentorwerkswinkelsessies.

Die mentorbeoordelaars tydens die Gauteng-streeksfees vanaf 25 tot 30 Julie was Solomon Cupido, Mari Molefe van Heerden, Pietie Beyers en Zenobia Kloppers.

Nie net was dit hierdie mentorbeoordelaars se taak om ons deelnemers te inspireer met wenke om hul produksies te verfyn nie, maar hulle het ook die geleentheid om toppresteerders in hierdie streek aan te wys.

Die nominasies en wenners vir verskeie komponente in die teatermaakproses is tydens 'n spogprysuitdeling op 30 Julie bekendgemaak.

Klik hier vir die wenners.

# ATKV-CRESCENDO VIER DIE KRAG VAN VROUWEES




Nee, nie femme fatal nie. Dis Femme Fantasties wat op almal se lippe gaan wees nadat hulle hierdie musikale kragtoer deur van Suid-Afrika se beste vroulike kunstenaars gesien het.

Tydens hierdie produksie deel die Sama-genomineerde en voormalige ATKV-Crescendo-deelnemer, Jodi Jantjes, die verhoog met groot name soos Vicky Sampson, Lady Day Big Band, Anna Davel, Tracey-Lee Olivier, Zimbini en die UWC Creative Arts-koor

ATKV-Crescendo, wat as Suid-Afrika se mees vooraanstaande talentontwikkelingsprogram vir liedjieskrywers beskou word, het Anna Davel se talent ingespan om die regisseur van hierdie luisterryke produksie te wees.

Sy tree ook as mentor vir die ontwikkelingsprogram op.

"Die goue draad wat deur Suid-Afrika se ingewikkelde geskiedenis loop, is die bydrae wat vroue van alle rasse, gelowe en kulture in Suid-Afrika gelewer het om gesinne bymekaar te hou," verduidelik Anna. "Deur baie moeilike omstandighede het ma's, oumas en vroue die kinders van ons land die stabiliteit en liefde gee wat hulle verdien.

Hierdie vyf wonderlike divas verteenwoordig die multikulturele nasie wat Suid-Afrika vandag is.

Tydens die vertoning gaan die kunstenaars in Afrikaans, Engels, Kaapse Afrikaans en die ander inheemse tale van Suid-Afrika sing."

Op 1 Augustus skop Femme Fantasties in die Artscape-teater in Kaapstad se tradisionele Vrouemaand-vierings af.

Klik hier om verder te lees.

## Hier is die wenners van 'n Nuwe Baadjie-kompetisie

Hoe vier jy 'n ikoon se loopbaan wat oor vyf dekades strek? En hoe bring jy hulde aan sy liedjies wat al vir 'n generasie lank in televisiereekse, mense se huise en oor die draadloos gespeel is?

Jy kan 'n konsert hou vir die kunstenaar, of jy kan sy bestaande werk vat en vir jong en opkomende talent die kans gee om vir sy immergewilde liedjies 'n nuwe baadjie aan te trek.

Dít is presies wat die bekende sanger en liedjieskrywer, Jannie du Toit, in samewerking met die ATKV gedoen het toe hy onlangs 50 jaar in die musiekbedryf gevier het en die kompetisie, 'n Nuwe Baadjie, geloods het.

Hy het sowat 60 inskrywings van musikante en kunstenaars gekry, wat een sy liedjies gekies het en hul eie weergawe opgelewer het.

Vanaf 5 Julie het die 18 finaliste saam met Jannie du Toit, Coenie de Villiers, Mauritz Lotz, Renette Bouwer, Chanie Jonker, David du Plessis en Eloïse Cupido aan werkswinkels by ATKV-Buffelspoort deelgeneem voordat daar op 6 Julie 'n swierige gala-aand gehou is waar die drie wenners aangekondig is.

"Die reis het vir my verlede jaar Desember begin toe ons die inskrywings oopgemaak het. Die inskrywings het egter eers in Februarie begin instroom en ek moes intens na al die inskrywings gaan luister het," sê Jannie.

Hy sê hy was stomgeslaan deur die gehalte van die inskrywings.

"Daar was so baie oorspronklike weergawes en ons keuse vir finaliste was moeilik, maar hierdie 18 se talent is oorweldigend."

Die ATKV het vir al die deelnemers gratis verblyf by ATKV-oord Buffelspoort gegee.

"Ek is baie dankbaar vir die ATKV en hulle ondersteuning.

Alles kom nou eintlik vol sirkel. My loopbaan het by die ATKV begin en nou, vyf dekades later, ondersteun hulle my steeds."

Die Gala-aand is in die oord se Buffel-saal gehou en al 18 deelnemers het 'n kans gekry om hul weergawe van een van Jannie se liedjies op te voer.

Lees hier verder.



HOE PROE JOU TAAL?
ATKV

# ATKV-TAKKE SE DADE MAAK 'N VERSKIL



## ATKV-tak Rooiduin leer kinders lees

Kinders wat sukkel om te lees, sukkel om te leer. Kinders wat nie met begrip lees nie, het 'n agterstand op alle gebiede.

Die ATKV-tak Rooiduin het in samewerking met die ATKV-hoofkantoor 'n projek van stapel gestuur om kinders van vroeg af leesvaardighede aan te leer sodat leer sommer speel-speel gebeur.

Rinkink terwyl jy dink is 'n leesprogram wat deur die remediërende onderwyseres, Leandré Steyn, ontwikkel is en saam met die ATKV-tak Rooiduin gewerk het om dié unieke program in 26 skole in die Noord-Kaap te implementeer.

Leandré het die program tydens die inperking ontwikkel. Dit bevat al die klanke van Afrikaans wat deur kinders aangeleer moet word, elkeen met sy eie unieke klingel. Dit is dus 'n musikale leesprogram wat van musiek gebruik maak om kinders van klanke te leer. "Klanke vorm die hoeksteen om met begrip te kan lees," sê Leandré. Sewentig onderwysers en vrywilligers in die Noord-Kaap is opgelei om die leesprogram vir kinders aan te bied.

Die doel is om die program in 100 dorpe se skole te implementeer.

By Laerskool Simbruner in Upington, waar die projek reeds laas jaar geïmplementeer is, is onderwysers opgewonde oor die uitkoms en sê dit is suksesvol en help kinders met vakgroeponderrig van groot klasse.

Chantella Beukes en Anna-Liza Rademeyer van die Laerskool Vredesvallei naby Kakamas sê die projek kan beslis ook vir die remediëring en intervensie van intermediêre en seniorfase leerders gebruik word.

"Die Onderwysdepartement, leerders en ouers van die Noord-Kaap is baie dankbaar vir die geleentheid wat ons leerders gebied is om deel te wees van die ATKV-Leesprojek," sê Beatrix Venter, voorsitter van die ATKV-tak Rooiduin.



'n Mens kan nie verwag om iets te ontvang met 'n toe hand nie.

Frik Roets, voorsitter van die ATKV-tak Vereeniging, en sy medetaklede leef volgens dié beginsel en glo dat 'n mens nie net op Mandeladag nie, maar elke dag só moet leef.

Ter viering van Mandeladag deel ATKV-taklede hulle inspirasie vir naasteliefde. Iets wat oudpresident Nelson Mandela sy lewe aan gewy het.

Hy het immers gesê "daar is geen groter geskenk as om jou tyd en energie te gee om ander te help sonder om iets terug te verwag nie".

Nelson Mandeladag word jaarliks op 18 Julie – Madiba se verjaardag – gevier deur 'n ieder en 'n elk uit te nooi om 'n verskil in hul gemeenskap te maak.

Volgens die Verenigde Nasies het ons almal die vermoë en verantwoordelikheid om die wêreld 'n beter plek te maak. "Mandeladag is 'n geleentheid om tot aksie oor te gaan en verandering te bring."

"Daar is soveel nood daar buite dat 'n mens nie anders kan om te help daar waar jy is nie," sê Frik.

"Ek besef mense is huiwerig om by 'n ATKV-tak betrokke te raak, want hulle voel dat die lewe reeds so gejaag is, tyd min is en dat dit baie werk gaan verg.

"Maar ons tak is so georganiseerd dat ons sommer 'n paar dae gelede op WhatsApp saamgespan om vleis vir sop, klere en komberse in te samel vir haweloses wat in die ou hospitaal in Vereeniging skuiling gesoek het.

Die hospitaal het skade gely in 'n brand en 80 mense is nou sonder 'n heenkome."

Mikayla Cooper, voorsitter van die ATKV-tak Die Beiteltjies van die Hoërskool Hangklip in Queenstown, glo selfs die kleinste liefdesdaad kan 'n groot impak maak.

"Dis vir ons belangrik om positiewe verandering in ons skool te bring. Om selfs net leerders voor die eksamen aan te moedig, kan iemand wat dalk nooit raakgesien word nie, spesiaal laat voel."

Beverley McKelly, voorsitter van die ATKV-tak Sommer net Ons in Pacaltsdorp, praat met soveel passie oor hulle Winterjasprojek – in samewerking met Eagle Kids – waar hulle na 300 kinders uitgereik het, kos verskaf het en jasse uitgedeel het vir dié wat die koue sonder die kledingstuk moet trotseer.

"Terwyl ons daar was, het 'n gevoel van vrede en dankbaarheid oor my gekom. Ek het gedink: Dankie vir 'n kans om iemand anders se hart aan te raak. Dit bring vreugde. Jy het die skepping se doel bereik om 'n verskil te maak."

Lees hier verder.


NUUSGENOOT

**Die elektroniese nuusbrief van die ATKV word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur.**

**Tariewe/uitgawe:**
1 x A4-advertensie: R3 000
1 x A5-advertensie: R1 500
1 x kwartbladadvertensie: R1 000

**Verskaf materiaal asseblief soos volg:**
- Hoë-resolusie PDF of JPG
- Alle advertensies moet in Afrikaans wees. (Vertaling van Engelse materiaal op versoek beskikbaar.)
- Verskaf materiaal op 15de van die maand van uitgawe.

**Tariewe sluit BTW en agentskapskommissie uit**
**Materiaal: JPEG of PDF.**

## Verbreed jou reikwydte met Nuusgenoot!

Wil jy die ATKV se ledebasis bereik met jou besigheid en dienste? Wel, hier is jou kans om te adverteer!

Dié elektroniese nuusbrief word maandeliks aan 55 000 ATKV-lede gestuur en maak dit 'n ideale medium om jou besigheid te bemark. Sien tariewe en spesifikasies hierlangsaan en kontak gerus vir Wendy Homann by WendyH@atkv.org.za vir meer inligting.






HOE PROE JOU TAAL?

ATKV



# 10 VRAE AAN 'N TAKVOORSITTER

**Trudie Swanepoel** het op Despatch grootgeword. Later het sy na Orkney verhuis waar sy 'n ATKV-tak gestig het. Die ATKV loop deur haar are en sedert haar terugkeer na Despatch is sy nou reeds vir 12 jaar die voorsitter van die dorp se ATKV-damestak.

**Waar kom jou liefde vir taal en kultuur vandaan?** Ek is in 'n kultuur-huishouding gebore. Ek het die ATKV saam met moedersmelk ingekry. My pa was 18 toe hy deel was van die stigting van die ATKV-gesinstak op Despatch en my ma was 'n erelid van die ATKV. My dogter, Christi Swanepoel, is ook deesdae die streeksbestuuder van die Oos- en Suid-Kaap-takke.

**Wat inspireer jou?** Ek is 'n uitgesproke Christen. Ek word geïnspireer en gedryf om 'n verskil in ander se lewens te maak – of dit nou deur naaldwerk is om 'n matriekafskeidrok te maak, iemand kan help om te leer lees of om by die sopkombuis uit te help. Ek staan elke oggend op met die doel om 'n verskil in my gemeenskap te maak.

**Waaroor is jy passievol?** Ek is passievol oor my geloof, sing, naaldwerk doen en in ons groentetuin te werskaf. Daar is niks lekkerder as om te sien hoe 'n plantjie opkom en later die groente te pluk nie. Ek is ook baie passievol oor Afrikaans en dat kinders mooi Afrikaans moet praat.

**Wie is of was jou rolmodelle en hoekom?** Defnitief my ouers. Hulle het diep spore in Despatch getrap en 'n wonderlike nalatenskap vir my gelos. My pa was 'n groot ATKV-man wat vir baie mense omgegee het. Ek sal graag wil hê my kinders moet ook eendag op my lewe terugkyk en sê ek het 'n verskil op Despatch gemaak.

**Wat dryf jou as takvoorsitter?** Ek is die tak. As iets moet gebeur, maak ek seker dit gebeur. Ek kry wonderlike ondersteuning van my taklede. Dit dryf my om met nuwe projekte vorendag te kom wat 'n verskil in my gemeenskap en mense se lewens kan maak.

**Wat beteken "belê in jouself, belê in jou toekoms, #weesdieverskil" vir jou?** Jy moet na jouself kyk. Jy moet jouself bemagtig. Jy moet jou passies uitleef en vir daardie passies kos gee sodat dit kan blom. Jy moet in iemand se lewe die verskil wees en 'n nalatenskap los.

**Wat is die uitdagings vir julle as tak?** Ledewerwing. Baie van ons lede is oor 50 en ons kort nuwe lede wat 'n passie en liefde vir Afrikaans en vir kultuur het. Ons kort nuwe bloed.

**Op watter projekte is jy die trotste?** Ek is veral trots op ons leesprojek wat ons tydens die grendeltydperk gehad het. Ons het 'n verskil in baie kinders se lewens gemaak toe dit werklik sleg met almal gegaan het. Deesdae neem ons die leesprojek na laerskole in die omgewing. Ons groentetuinprojek is ook 'n reusesukses. Ons kon met die opbrengs groente by 'n tehuis gaan aflewer en ook aan die sopkombuis verskaf.

**Watter verskil sal julle graag in julle gemeenskap wil maak?**VOns wil Despatch skoonmaak. Ons wil die dorp netjies maak sodat almal kan trots wees daarop. Die herwinningsprojek maak al 'n verskil.

## Herman Lensing in Upington



Dit was meer as net 'n kookklas, want wanneer Herman Lensing, kosredakteur van Sarie, sy messe slyp vir 'n vertoning, kan jy maar weet jy stap ook weg met 'n paar lewenswyshede.

Herman, wat op 11 Junie by sy alma mater, Hoërskool Duineveld in Upington, opgetree het, is bekend vir die gemaklike en pretensielose manier waarmee hy met sy gehoor omgaan.

Die geleentheid is deur die graad 11-ouers van die skool gereël. Die ATKV-tak Rooiduin het tot die gesellige atmosfeer bygedra deur gaste met 'n glasie OWK-Muskadel te verwelkom.

"Net om die tonge bietjie los te kry," sê Beatrix Venter, voorsitter van die tak.

Die verhoog is omskep in die kombuis van 'n karavaan, na aanleiding van die somervakansies van sy jeug by ATKV-Hartenbos.

Hy was elke jaar verantwoordelik vir die gesin se Kersete en hy het die hele jaar daarna uitgesien om dié ete voor te berei.

Sy vertoning het bestaan uit voorlesings uit sy nuwe kookboek, Huiskos, wat afgewissel is deur die maak van slaphakskeentjies, 'n lewergereg en 'n sjokoladetert. Hy het die gehoor vir een en 'n half uur vermaak en telkens laat skater met sy fyn humorsin.

Hy beskryf sy nuwe kookboek as 'n reis deur sy lewe. Sy tema is nostalgie, heimwee en liefde: na sy oorlede ma wat hom aan kosmaak bekendgestel het, sy grootwordjare in Upington en hul gesin se Desembervakansies in Hartenbos.

Lees hier verder.

## Doen en Leer-program bemagtig leerders



Kofi Annan, 'n voormalige sekretaris-generaal van die Verenigde Nasies het op 'n keer gesê: "Geletterdheid is die brug van ellende na hoop."

Geletterdheid beteken jy moet kan lees en skryf. Lees is beslis die belangrikste vaardigheid wat 'n kind op skool moet bemeester, want jy sal nie kan leer indien jy nie kan lees nie.

Vriende van Afrikaans (VVA), 'n afdeling van die ATKV, fokus op leesbevordering en maniere om 'n liefde vir lees vanaf 'n jong ouderdom by kinders te kweek.

Om dít reg te kry, versprei die VVA ongeveer 60 boektrommels per jaar aan goedbestuurde, geregistreerde kleuterskole en graad R-klasse regoor die land.

Lees hier verder.



HOE PROE JOU TAAL?

ATKV